THE MOUNTAIN CLUB OF SOUTH AFRICA
DIE BERGKLUB VAN SUID - AFRIKA
AMAJUBA AFDELING
SECTION

P O Box / Bus 1362
Newcastle 2940
mcsaama@mcsa.org.za

Juba Jabber

(August 2008)

News items

Lief en Leed

1) Baie geluk aan Christo en Suset Maakal met nog 'n nuwe kleinseun!!

2) Our sympathy to Sonja Viljoen on the sudden loss of her son Francois. He leaves a wife and young son.

3) And to everybody out there that might be sick that we do not know of, hope you get better soon.

Comitee and Membership matters.

Your committee for the year 2008 is as follows:

Chairman: Johan de Villiers – 072 712 7022.

Vice-Chairman: Thea Groenewegen – 083 378 7655.

Treasurer: Surina Louw 082 425 2402.

Secretary: Ria Kotze – 0343121665 / 082 682 8646.

Membership: Sonja Viljoen – 0343128684 / 082 925 4054.

Social Convener and Publicity: Christine de Villiers – 082 707 2957.

Climbing and Rescue: Paul Behrens – 0343151168 / 083 677 1080.

Juba Jabber & e-mail: Adriaan Dippenaar – 082 337 2970 / adriandip@telkomsa.net

Recent outings by Amajuba Section Members.

The Wakkerstroom Outing 2008/03/09

Participants:
Peter Ludwig (Leader)
Johan & Christine de Villiers
Sonja Viljoen
Ria Kotze
Hannoo (Guest)

We departed from the Hutten-Heights family market and after an uneventful drive arrived at our destination which of course was Wakkerstroom at ± 09h15.
We were made very welcome by mr.Chris Smit, the local historian and owner of a private museum. Chris has lived in Wakkerstroom his whole live long and knew the whole area like the back of his hand and could therefore point out all the places of interest and identify all the various hills in no time at all.
We set out to conquer "Voortrekker Kop" directly ahead of us. The ascent was rather strenuous with small platues and very steep inclines in places. It took us over an hour to reach the summit having had a tea break in the centre of the "Staffordshire Knot" (an area marked off with stones symbolizing the Regimental Badge of the Staffordshire Regiment stationed there during the Anglo Boer War).
We enjoyed a well earned break on the summit, taking in the fantastic view and exploring the fortifications built there. We meandered back down the hill via another route.
Back at the homestead we went to the local dam and parked under the beautiful oak trees in the shade which was most welcome. Some of us enjoyed a refreshing swim and then we all enjoyed our lunch.
We returned to the museum and were shown some amazing things.
A most enjoyable outing indeed!!!

Peter Ludwig

Eikenhof 2008-05-10.

Ons vertrek 08h00 die oggend uit die dorp vir die een dag uitstappie na die plaas Eikenhof by Mullerspas.
Sewe van ons het die stap mee gemaak, Johan en Christine, Sonja, Peter, Govert, Klaus en Ria.
Ons parker bo-op Mullerspas. Soek die paadjie van die ou voetslaanpad na die grot en waterval. Nie moeilik om te vind nie want die voetspoor en merke is nog duidelik wat Louis en Judy ongeveer 15 jaar gelede aangebring het.
Ou geelhout bome wat tussen die rotse bo-op die escarp groei, wat al baie veldbrande oorleef het, met die diep valley af ondertoe maak die mooiste tonele en bergtuine wat 'n mens net in die noordelike Drakensberge omgewing kry.
Ons loop deur 'n paar inheemse bosse wat ongelukkig uitwissing in die gesig staar, omdat brande en droogte elke jaar sy tol eis aan die rande van die bos.
By die moelike plekke stuur ons vir Johan voor om die begaanbaarheid van die roete te bepaal. As Johan eers sê, "dit lyk nie goed nie" moet on sweet bobbejane loop daar met 'n kierie, maar ons ou klompie volg versigtig. Johan en Klaus het baie voëls geidentifiseer en afgemerk vir die voël atlas navorsing. Peter sien die voëls sommer sonder 'n verkyker.
By die waterval-grot aangekom het ons 'n lekker tee breek geneem en gekuier. Dit is die ideale plek om te oornag, met al die braai toerusting en water beskikbaar. Die grot front oos en is baie beskut teen wind en reën.
Nou moet ons die ander kant uit, dit is baie toegegroei van die knapse kêrels en braambosse en nastergaal en allerhande klitse wat ons soos ystervarke laat lyk het en brandnetels het bygedra tot die gebrand en gejuk, maar danksy die duidelike aanwysings "bundu bash" ons deur en kom bo uit. Nou stap ons aan die bo-kant van die waterval. Die vallei is na skatting ongeveer 100m af. Die mooiste toneeltjies van water wat sypel uit die rotskrake en mosbedekte tuintjies vorm.
By die bo-punt van Mullerspas aangekom, ry ons oor die berg na Vangervlei in die Vrystaat. Daar sien ons 'n sekretarisvoël broeipaar. Die Vrystaat is koud en die gras vaal, WINTER.
Terug na Eikenhof se chalet en braai plek, vuur gemaak, gebraai, gekuier, geëet en weer langs die rivier ge"bundu bash".
16h00 is weer terug in die dorp, na 'n heerlike, pragtige herfsdag in die berge.
WONDERLIK!!!
RIA.

Besoek aan Mooihoek naby Lüneburg 14-16 Junie 2008.

Ses van ons nl. Peter, Govert, Anny, Ria, Christine en Johan het saterdag oggend omstreeks 08h45 na Mooihoek vertrek.
Van Wakkerstroom af het ons stadig gery sodat ons die natuurskoon ten volle kon geniet. Hierdie is een van die mooiste dele van ons land. Ons het hier sekretarisvoëls naby die pad gesien.
Ons het 11h30 by Mooihoek aangekom en by die stat aangery om die sleutel by Justin te kry. Christene en ek het in een van die rondawels ingetrek en die res in die huis.
Na middagete het ons die paadjie gevolg na die rante en inheemse bome bokant die huis. Op pad het ons op 'n skaap karkas afgekom met oorblyfsels van die aasvoëls naby. Iemand het blykbaar gif in die skaap karkas gesit en sodoende die aasvoëls en waarskynlik 'n klomp ander diere ook vergiftig. Skaapboer? Muti handelaars?
Ons het die eerste kop uitgeklim en ons verwonder aan die uitsigte en die aalwyne wat vol in die blom was.
Terug by die huis het ons vuur gemaak buite en groot potte opgesit vir warm water vir die stort. Ons het om die kampvuur gesit en later gebraai vir aandete. Die weer was onverbeterlik, die maan het helder geskyn en na ete het ons met die pad langs gestap na Rooinekkie en terug. Ria sê mos altyd "After supper walk a mile". Daar het 'n koue windjie van die rante af gewaai en ek het aan Eugene Marais se "Wintenag" gedink.

" O koud is die windjie
en skraal
En blink in die dof-lig
en kaal
so wyd as die heer se genade
lê die velde in sterlig en skade
En hoog in die rande
versprei in die brande
is die grassaad aan roere
soos wenkende hande (ens)"

Saterdag oggend was Peter eerste op om die vuur aan die gang te kry vir koffie en beskuit. Daar was nie tyd vir 'n groot ontbyt nie want ons sou na die waterval toe loop en dit was ver.
Om 08h30 het ons vertrek op pad na die waterval toe. Dit was weer 'n pragtige sonnige dag sonder wind. Ons was bly om te sien dat iemand besig was om die wattle langs die rivier af te kap en die hout weg te ry.
Ons het ongeveer 11h30 by die waterval aangekom. 'n Baie mooi plek met kranse, inheemse bome en mooi poele onderkant die waterval om in te

swem. Party van ons het daaraan gedink om te swem maar nadat ons die water gevoel het het ons daarteen besluit, brrrrr.
Ons het lekker ontspan, middagete geëet en na 'n uur begin terug stap. Toe ons omtrent 15h30 by die huis aankom het Christo en Suset so pas daar aangekom. Hulle het so 'n bietjie verdwaal maar gelukkig darem die plek gekry.
Na ons warm water gemaak het en gestort het om die dag se stof af te was het ons 'n bietjie ontspan.
Ons het weer lekker gebraai vir aandete en weereens daarna om die kampvuur ontspan en lekker gesels.
Maandag oggend na koffie het ons na 'n woud sowat 2km van die huis af gestap. Ons het die reuse vyeboom en die ander pragtige bome bewonder. Ons het deur die woud gestap en oor 'n kop terug na die huis.
Teen die tyd was ons lekker honger en ons het dadelik begin met die groot "brunch" wat bestaan het uit spek, eiers, worsies, tamaties en toast. Anny en Peter was die hoof kokke en al die ander het hand by gesit. Daarna was dit oppak en terug huis toe.
Dit was 'n baie lekker naweek wat ons almal baie geniet het. Ons sê baie dankie aan die eienaars van die plaas dat ons daarheen kon gaan en sal beslis weer gaan.

JOHAN

.....

On the Lighter Side:



Your one-stop spares shop catering for all models.

No arguing with this weather station.

……..

Trading Post:

For Sale:

1 x Sea King Senior Bow tent, Canvas 3 m x 3 m = R1700.00

1 x Sea King Highwall cottage tent, Canvas 3 m x 3 m with 1.6 m verandah extension = R1700.00

1 x Caravan gas fridge = R500.00

1 x THETFORD 35 Porta Potti with chemicals = R400.00

The above tents are in excellent condition and cost ± R4200.00 new each.

Contact: Adriaan Dippenaar at 082 337 2970

……..

Wanted: XXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXX

……..

GENERAL INTEREST.

AdK - Legendary South African climber honoured.

South African mountaineering's highest award, the Gold Badge of The Mountain Club of South Africa, was bestowed on Andy de Klerk at the MCSA's annual dinner held in Pretoria on 17 May.

Although ADK's climbing CV (see Dec-Feb issue of SAMM for more) may appear to be the primary reason for receiving the MCSA's highest award, it was in fact his outstanding contribution to, and advancement of the cause of local mountaineering that was recognised above all.

His contributions include the vast number of routes opened; pushing climbing limits on an international level, whilst arguably being amongst the top mountain writers (his book Sharper Edges was a finalists in the 2007 Banff Mountain Book Festival). ADK also took recognition of climbing as a sport in SA to new limits. He was awarded Sportsman of the Year at UCT - an unprecedented event considering that "traditional" sports such as rugby were the order of the day. His relationship with numerous international climbers did as much, if not more, than any other climber to elevate the profile of SA climbing, and SA as a climbing destination. Andy's name is synonymous with hard climbing, both here and abroad.

Lastly - a sentiment echoed by all present - there are very few other climbers that are held in such high esteem as this down-to-earth South African climber.

Pic: MCSA President Roland Magg presenting the Gold Badge to Andy de Klerk (Photo: Dean van der Merwe)

Programme 2008 Program			
Date / Datum	Description / Beskrywing	Activity / Aktiwiteit	Contact / Kontak
12 Aug	Social at Waterbok 16	Report back on July camp and the Memel walk. Photos	Christine 082 707 2957
16-17 Aug	Stylkrantz, Normandien area	Familie naweek. Slaap in ou huis. Mooi dagstappe (2-3)	Thea Groenewegen 083 378 7655
6-7 Sept	Naweek op plaas Roodepoort	Slaap by ou fort en rooi wattle uit (2)	Johan 072 712 7022
9 Sept	Hap en Stap Travelling supper	Eat supper at houses of members	Sonja 082 925 4054
14 Okt	Social at Waterbok 16	Slides. Discuss 25 year function	Christine 082 707 2957
18-19 Okt	Cambalala, Cathedral Peak	Slaap in Cambalala huis Day Hikes (2-4)	Johan 072 712 7022
31 Oct	Amajuba section is 25 years old Formal dinner function	Venue etc. to be finalized	Thea 083 378 7655
1-2 Nov	Naweek in Drakensberge met eerste voorsitter van klub	Besonderhede sal aangekondig word	Thea 083 378 7655
11 Nov	Social at Waterbok 16	Report back on function and hike in Drakensberg	Christine 082 707 2957
22 Nov	Hope-farm gruisgat	Familie dag, abseil, visvang en swem	Ria 0343121665
6-7 Dec	Farm of Theuns Botha at Utrecht Top of Knights Pass	Sleep in old farmhouse Day Hikes (2-3)	Johan 072 712 7022

** Dates to be finalized. The programme is subject to change.*

** Datums moet nog bepaal word. Die program kan verander.*

Rating System

1. *Family weekend*. Children, prospective & older members. Easy, short hikes often-good facilities.
2. *Easy hike*. Footpaths present or otherwise flat open terrain.
3. *Average difficulty*. Path over varying terrain, often steep. Sometimes paths, route finding necessary.
4. *Difficult hike without footpath*. Might incl. bundu bashing, serious scrambling, kloofing or exposure.
5. *Technical climb*. Requires climbing gear (sometimes ice climbing gear).

If there is anyone not receiving the Jubba-Jabber via e-mail and wants to receive it that way then please send me a mail at: adriandip@telkomsa.net and let me know your e-mail address so I can add it to the mailing list.